

# PULA IMVULA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



SEPTEMBER  
2013



Graan SA tydskrif vir  
ontwikkelende produsente

## Gewassukses begin by kultivarkeuse en onkruidbeheer

**D**ie Oesskattingskomitee se voorspelling gedurende Junie 2013 toon dat 'n witmielies-oes van sowat 5,9 miljoen ton en 'n geelmielies-oes van sowat 5,5 miljoen ton behaal sal word. Safex-pryse vir witmielies wissel tussen R2 260/ton vanaf Julie 2013 en R2 130/ton in Julie 2014. Die pryse het tot 'n hoogtepunt van R2 330/ton van Desember 2013 tot Maart 2014 gestyg. Geelmielies toon 'n soortgelyke, maar laer waardepatroon, vasgestel op sowat R2 090/ton vir Julie 2014.

Bogenoemde is die toekomstige prysscenario wat in ag geneem moet word wanneer die beplanning vir die komende produksieseisoen vanaf Oktober 2013 tot in Desember 2013 gedoen word. 'n Mens sal ook moet besluit watter mengsel van wit- of geelmielies jou boerderysituasie sal pas; die belangrikheid van die veefaktor moet ook nog in ag geneem word.

### Afgelope produksiejaar

Produksie van mielies op die meeste plose die afgelope seisoen was baie veranderlik, af-

hangende van die reënval ontvang sowel as die invloed van die hittegolwe wat in die belangrikste produksie-areas en selfs binne distrikte ervaar is. Die hitte het bestuiwing negatief beïnvloed, of selfs gestop op sekere lande, afhangende van die plantdatums. Plase wat net 'n paar kilometer van mekaar was, het óf 'n totale verlies, óf veel laer produksie ervaar, terwyl ander bogemiddelde opbrengste behaal het.

### Kultivars en onkruidbeheer

Twee van die belangrikste aspekte van produksiebeplanning vir die komende jaar sal wees om te besluit oor die keuse van wit- en geelmieliekultivars wat geskik sal wees onder moeilike asook goeie klimaatstoestande.

Dit sal tot jou voordeel wees om die prestatie en opbrengs wat behaal is met kultivars wat die vorige seisoen gebruik is, in diepte met jou saakonsulent en medeboere in jou studiegroepe te bespreek.

Lees Binne:

04 | Bekalking bly belangrik

07 | Graanboere in die Wes-Kaap  
– wat om te doen voor die  
einde van die jaar

11 | Finansiële beplanning  
vir die volgende oes



05



08



06

10





## OUMA JANE SÊ...

**V**oordat jy op reis gaan, moet jy sekerlik 'n idee hê van waarheen jy op pad is? In 'n sekere sin is die lewe ook 'n reis; die reis van die lewe het egter baie bestemmings en hierdie bestemmings verander soos jy groei en ontwikkel. Toe jy in die laerskool was, het jy gedroom oor hoërskool; in die hoërskool het jy gedroom om universiteit toe te gaan; op universiteit het jy gedroom van die werk wat jy gaan hê; toe jou huwelik, om 'n huis te besit, kinders te hê ensovoorts.

Baie van julle is egter ook op 'n ander reis – die bestemming van hierdie reis is die optimale gebruik van die grond wat tot jou beskikking is. Jou reis as 'n boer moet ook 'n bestemming hê. Wat probeer jy doen?

Daar is baie mense van oor die wêreld heen wat nie 'n plaas besit nie – maar daar is ook baie mense in die wêreld wat gewasse (kos) verbou op watter stukkie grond ook al beskikbaar is. Ek het foto's gesien van mense wat gewasse in houers op hulle dak verbou, omdat dit die enigste spasie is wat hulle tot hul beskikking het.

In Suid-Afrika het die meeste mense toegang tot 'n klein stukkie grond (behalwe dié wat in hoe geboue bly). Daar is ook baie mense wat toegang het tot ten minste 1 ha kommunale grond. Hoe gebruik jy die grond wat tot jou beskikking is?

Landbougrond (alle grond) het die potensiaal om iets te laat groei – die hoeveelheid wat jy kan verwag, word bepaal deur die gronddiepte, die reënval asook die kennis, vaardigheid en toewyding van die persoon wat die grond gebruik. Gebruik jy die grond tot sy volle potensiaal?

Dit is nie moontlik vir elkeen om 'n plaas te besit nie – daar is gewoon nie genoeg grond daarvoor beskikbaar nie. Dit moet jou egter nie verhoed om kos te verbou op die grond wat wel tot jou beskikking is nie.

My wens vir die nuwe seisoen is dat elkeen moet begin om kos te produseer op die grond wat tot sy beskikking is – maak jou boerderybestemming die optimale gebruik van jou grond. Jy kan óók 'n bydrae lewer tot huishoudelike en nasionale voedselsekerheid en voedselsoewereiniteit.

## Gewassukses begin by kultivarkeuse en onkruidbeheer

Afgesien van die kultivarkeuses moet boere op hoogte van die volgende wees: Vinnige veranderende tegnologie, soos byvoorbeeld GM-tegnologie wat stronkboorder op mielies verhoed; uitgebreide gebruik van plantbehandelings en omgewingsvriendelike saadbehandelings; die gebruik van grondverbeteringstegnieke; blaarroeding op verskillende gewasstadiums asook al die vooruitgang in die gesondheid van plantbestuur.

In dele van die Oos-Vrystaat wat oor 'n medium produksiepotensiaal beskik, het die kultivars wat vroeg rypword, óf vinnige kultivars wat gedurende die laaste week van Oktober en vroeg in Desember geplant is, ewe goed gevaaar, met opbrengste wat wissel tussen 3,2 ton/ha tot 3,5 ton/ha. Die mielies is geplant ná die verbouing van sojabone die vorige seisoen, en ten spyte van die wisselvallige reën en hittegolwe wat ervaar is, is 'n redelike opbrengs waargeneem, in teenstelling met langseisoenvariëteite wat swak presteer het.

### Bastersaad-keuse

Oor die algemeen bied die meeste saadtelers of saadverskaffers 'n pakket of 'n reeks kultivars wat bestaan uit ultra-vroeg-, vroeg- en medium-groeipatrone vir geelmieliekultivars, en vroeë-, medium- vroeë-, medium- en medium-laat-groeipatrone vir witmieliekultivars. Die keuse raak baie ingewikkeld vir die boer, met 'n mengsel van konvensionele mielies, stronkboorderbestande mielies of Bt-mieliekultivars, glifosaat onkruiddoderverdraagsame kultivars asook stapelgeen kultivars, wat beide van die vorige eienskappe kombineer.

Daar is 'n verskeidenheid van keuses wat geneem kan word om by jou boerdery en jou bestaande toerusting aan te pas. Onthou, selfs indien jy kies om hoofsaaklik Bt-mielies of glifosaatverdraagsame mielies te plant, moet jy stroke konvensionele mielies strategies naby die Bt-mieliekultivars plant.

### Toerusting-oorwegings

Jou huidige trekkerkrag, grootte van planteers en oesbespuitingstoerusting kan 'n beperkende faktor wees indien jy al die kultivars gedurende die ideale vensterperiode wil plant. Gebruik 'n verskeidenheid kultivars deur die gebruik van kort- en

langgroeiseisoen tipes. Deur dit te doen, laat jy 'n uitgebreide planttyd toe en kan jy jou bestaande toerusting oor 'n langer plantseisoen gebruik. Die verskillende kultivars sal op verskillende tye bestuif en dus die klimaatrisiko van droogtes verminder, wat die hele oes kan affekteer.

Indien jy nou begin, of reeds besig is met bewaringsbewerkingsstegnieke, moet jou toerusting sterk en goed ontwerp wees om goeie planttegnieke te verseker.

Die gebruik van verskillende kultivars, wat oor verskillende groei- en volwasse tydperke beskik, word dus as 'n standaard bestuurspraktyk aanbeveel om produksierisiko's te verminder.

Groeiseisoen-klasse word in verskillende kategorieë geplaas en is verwant aan die relatiewe dae tot 50%-pluimvorming, die hitteeenhede (HU) wat nodig is vir plantgroei tot 50%-pluimvorming, die relatiewe dae tot fisiologiese rypwording en die geskatte dae tot oes. Die groeitydperke soos aangedui, word ook deur die algemene heersende temperature wat in 'n spesifieke area ervaar word, beïnvloed.

Maatskappy wat by die teling van plante betrokke is, het die verskillende kultivars wat vir kommersiële aanplanting vrygestel word, in groeklasse geklassifiseer. Die data wat vir 'n paar vroeg-ryp of vinnige kultivars ingesamel is, word hieronder aangedui as 'n voorbeeld van die berekening van die eenhede hierbo beskryf.

'n Tydperk van 61 dae tot 50%-pluimvorming sal nodig wees in warm gebiede, en vir dieselfde kultivar 78 dae in koeler gebiede. 710 hitte-eenhede sal nodig wees vir die plant om fisiologiese volwassenheid te bereik. Die tydperk wat nodig is vir hierdie aantal hitteeenhede vir die plant om fisiologiese volwassenheid te bereik, sal 109 dae in warm areas en 159 dae in koeler gebiede wees. Die begraamde dae om te oes, sal 168 in warm areas en 223 in die koeler gebiede wees.

Soos jy kan sien, het die algemene warm of koel klimaat 'n groot invloed op enige kultivarkeuse. Al die bogenoemde faktore sal groter wees vir enige kultivar wat as medium- of langgroeikultivar geklassifiseer word. Maak seker dat die kultivars wat deur verskillende maatskappy voorsien word, in die eerste plek vergelyk met die saadpakket wat binne 'n bepaalde maatskappy aangebied word, en dan op sy beurt ook goed vergelyk met die ander verskaffers of planttellers. Hierdie vergelyking



stel jou in staat om kultivars op die regte plant-datum aan te plant. Dit is ook noodsaaklik om 'n goeie verhouding met jou saadverskaffer te ontwikkel, sodat jy 'n behoorlike begrip kan hê van die saadtipes wat beskikbaar is.

### Bespuitingsprogramme

Op phase waar glifosaatkultivars en konvensionele kultivars vir aanplanting gekies is, is daar 'n behoefte aan verskillende sputiprogramme. Dit is baie belangrik om jou sputtoerusting te inspekteer en te kalibreer, en stelsels goed te toets voor die plantseisoen.

Glifosaattoediening by bewaringsbewerkingstelsels kan meer as een bespuiting voor-plant vereis. Die reënval wat ná 'n eerste bespuiting ontvang is, kan lei tot hergroei van onkruid. Dit is nie raadsaam om die koste van 'n addisionele bespuiting te probeer bespaar indien die onkruid weer begin groei het voor-plant nie, omdat dit onmiddellik sal meeding met die nuut aangeplante gewas.

By konvensionele bewerkingstelsels, wat van meganiese verbouing gebruik maak, is effektiewe onkruidbeheer met glifosaat gewoonlik effektief met een bespuiting voor-plant. Onkruidstatus en moontlike vogverlies moet voortdurend gemonitor word.

Die aktiewe bestanddele wat vir glifosaat-mielies aanbeveel word in vergelyking met konvensionele mielies, met 'n geraamde koste per hektaar, word hieronder getoon. Hierdie aanbevelings kan as 'n riglyn gebruik word om te help om die baie handelsname van verskeie onkruiddoders en onkruiddoderkombinasies te verstaan.

Maak asseblief seker dat die aanbevelings vir die meng van die aktiewe bestanddele en bymiddels met water asook die totale toediening per hektaar van die aktiewe bestanddele gemeng met water, gevolg word. Toedienings van die totale mengsel kan wissel van 150 liter/ha - 250 liter/ha, afhangend van die grondtoestande en die vermoë van die boer om genoeg water te voorsien vir die toediening. Indien 'n groter hoeveelheid van die mengsel per hektaar toegedien word, impliseer dit 'n beter dekking van die gebied wat bespuit moet word en lei dit gevolglik tot beter beheer van onkruid.

### 'n Onkruidbeheerprogram vir glifosaatverdraagsame mielies

Glifosaat 450 teen 2 liter/ha van die aktiewe bestanddeel gemeng met water en geskikte bymiddels, kan voor-plant gespuit word teen

'n koste van sowat R100/ha. Spuit na-plant, maar voor ontkieming met Acetochlor en beveiliger teen 'n koers van 0,8 liter/ha aktiewe bestanddeel plus water teen 'n koste van sowat R70/ha. Dit kan gedoen word saam met 'n produk-mengsel van atrasien en Tebutylazine-kombinasie op 2 liter/ha van die aktiewe bestanddeel teen 'n koste van sowat R120/ha. Spuit die mielies voor die agtblaarstadium met RU Powermax op 1,7 liter/ha van die aktiewe bestanddeel plus water teen 'n koste van sowat R90/ha en Asetochloor plus beveiliger teen 1 liter/ha van die aktiewe bestanddeel plus water teen 'n koste van sowat R60/ha.

### 'n Onkruiddoder vir konvensionele mielies

Onkruidbeheer by konvensionele- of normale mielies moet gedoen word na-plant, maar voor ontkieming met behulp van 'n bespuiting van Acetochlor plus beveiliger op 1 liter/ha van die aktiewe bestanddeel teen 'n koste van R87,50/ha, met 'n kombinasie van atrasien en Tebutylazine op 3 liter/ha teen 'n koste van R180/ha. Bespuiting kan voor die agtblaarstadium afgehandel word, met Acetochlor op 1 liter/ha. Gebruik weer die aanbevole mengsel van water, bymiddels en aktiewe bestanddele.

### Klei-inhoud van die grond

Jy moet altyd weet wat die klei-inhoud van jou bogrond is, sodat atrasien gebaseerde onkruiddoders teen die regte koers toegedien kan word. Grond met 'n hoër klei-inhoud vereis 'n hoër toediening atrasien. Aan die ander kant kan 'n oormatige toediening van atrasien op sandgrond tot gevolg hê dat atrasien afloop en besoedeling van waterbronre en strome nabij die lande wat bespuit is, gevolglik plaasvind.

Doen behoorlike verkenning van die tipes onkruid in jou gebied en praat met jou chemiese konsultant, sodat die korrekte chemikalieë gebruik en doeltreffend toegedien kan word.

### Gevolgtrekking

'n Gedetailleerde ontleiding van kultivars en beplanning vir sputprogramme, sal verseker dat jou oes 'n goeie kans staan op sukses en winsgewende produksie.

**Artikel voorsien deur 'n afgetrede boer.**



# Bekalking bly belangrik

Kalk is 'n belangrike aspek van voedingstofbestuur, want wanneer die grond se pH daal, raak dit die produksie van gewasse en opbrengspotensiaal negatief. Kalk is die element wat toegedien word om die suurheid van die grond te neutraliseer en dit na 'n ideale balans te herstel wat die beste geskik is vir optimale produksie.

Boere word soms verwarr wanneer hulle sien dat een boer 'n hoër opbrengs as hulle kry, selfs al lyk die grond dieselfde. Daar kan baie redes hieroor wees, maar een van die mees waarskynlike redes is die pH-vlakte. Boere wat optimale opbrengste behaal, monitor waarskynlik die pH-vlakte van hulle grond om te verhoed dat dit te veel wissel. Opbrengsverliese as gevolg van suur gronde gebeur geleidelik en so kan dit ook twee tot drie jaar neem om die opbrengs te verbeter deur die regstelling van die pH-vlak. Die bestuur van pH-vlakte is selfs nóg belangriker waar boere jaar ná jaar mielies verbou.

## Goeie grond-pH is belangrik, omdat dit:

- Voedingstofbeskikbaarheid aan jou plante verbeter deur die plante te help met die beweging en opname van fosfaat, stikstof en magnesium. Die effek van die pH van die grond is groot by die oplosbaarheid van minerale of voedingstowwe, en aangesien baie waardevolle voedingstowwe in die grond voorkom, is dit noodsaaklik om te verseker dat dit aan die plante beskikbaar is, deurdat dit opgelos in die grond voorkom.
- Help met stikstofbinding.
- Gesonde groei van die gewas bevorder.
- Vir gesonde grondmikrobiese aktiwiteit bevorderlik is, omdat dit bakterieë, swamme en ander grondlewe, wat belangrik is vir voedingstofsirkulering, bevorder.

- Onkruiddoderaktiwiteit verbeter. 'n Gebrek aan mikrobiese aktiwiteit beteken dat daar 'n groter geneigdheid sal wees vir oordragprobleme van onkruid, dus moet boere toesien dat die pH-vlakte geskik is om mikrobe-getalle hoog en aktief te hou.
- Tot 'n gesonde grondstruktur bydra, waarin lug en water maklik beweeg.

Dit is nodig om gereeld grondmonsters te neem om die behoefte aan kalk te bepaal en om vas te stel presies hoeveel toegedien moet word. Die pH-waarde van jou grondontleding sal jou gids wees.

## Wat is pH?

pH staan eintlik vir "die krag van waterstof" en die pH van die grond bepaal hoe suur of alkalies die grond is. Die pH word gemeet volgens die pH-skaal, wat wissel tussen 0 en 14, met 7 neutraal. Dus is vlakte onder 7 suur, en vlakte bo 7 alkalies.

## pH en mielies

Die geheim vir goed gebalanseerde, vrugbare grond is direk gekoppel aan die pH-vlak. Die ideale grond-pH vir mielieproduksie is tussen 6,0 en 7,0. Indien die grond se pH onder 5,5 is, begin die mielies probleme ontwikkel, veral omdat aluminium- en mangaan-elemente meer gerедelik by suur gronde beskikbaar is, en jou plante kan benadeel of selfs laat vrek.

Giftige elemente soos aluminium en mangaan is 'n probleem in suurgrond, want hoe laer die pH, hoe meer oplosbaar raak die elemente. Dit beteken dat die elemente maklik in water oplos en te maklik beskikbaar gestel word, wat plantgroei negatief beïnvloed. Daar is altyd baie aluminium in die grond teenwoordig, want dit is 'n element in die meeste kleideeltjies.

Lae pH in die grond maak ook fosfor, stikstof, kalium, swael, magnesium en kalsium

*"Om te probeer om maksimum wins uit mielies te maak sonder om grondsuurheid te verstaan, is soos om 'n hoë wolkekrabber te bou sonder om eers 'n soldie fondasie te gooi – die hele struktuur sal inmekaar tuimel."*

minder beskikbaar vir plante. Suurgrond belemmer ook die ontwikkeling van die wortels van die plante sowel as die aktiwiteit van nuttige grond mikroorganismes.

## Wat maak grond suur?

Daar is 'n aantal faktore wat die suurvlakte van grond beïnvloed.

## Hoë reënval

Gebiede wat hoë reënvalvlakte het, sal loding ervaar. Reënval veroorsaak dat grond suur word wanneer baie water vinnig deur die grond beweeg. Sanderige grond is dikwels die meeste geneig om suur te word, omdat water vinnig deurfilter as gevolg van die laer kleiinhoud en organiese materiaalinhou.



## 'n Keniaanse bestaansboer se ware verhaal – mielie-opbrengs agt keer verhoog

In 2008 het Isaac Ochieng Okwangi, 29 jaar oud en 'n bestaansboer in Kenia, 0,12 ton/ha mielies van sy 1,5 ha mielieland geoef. Tans kry hy op dieselfde land tot 0,960 ton/ha mielies en omdat hy in Kenia boer, stel die warmer seisoene hom in staat om twee keer per jaar te oes. Ochieng sê die rede daarvoor dat sy mielie-oes agt keer meer is, is te danke aan die kalktoedienings wat hy op sy plaas gedoen het. Die kalk het sy grondsuurheid verlaag, wat dit beter geskik maak om gewasse te verbou. Die praktyk om jaar ná jaar gewasse aan te plant, het grondsuurheid stadig verhoog en het die grond geen rustyd gegee nie, wat 'n negatiewe invloed op die opbrengs gehad het. Ochieng berig dat nadat hy kalk op sy lande gestrooi het, was die verskil onmiddellik sigbaar, omdat die mielies gesond en kragtig was en al die plante twee of meer koppe gehad het. Ochieng kon sedertdien bekostig om 'n nuwe huis vir sy familie te bou en sy sukses het ander plaaslike boere oortuig om ook kalk toe te dien.



# Leer ken... Maurice Boki

## Gewasproduksie

Lande wat vir aanplanting en selfs as weiding vir diere gebruik word, verloor minerale oor 'n tydperk as gevolg van die feit dat beide plant en dier kalsium uit die grond onttrek vir eie gebruik. Gewasse absorbeer kalkagtige elemente uit die grond vir hul voedingsbehoeftes en wanneer hierdie gewasse geoes is en van die land verwijder word, gaan van die basiese materiaal wat die suurheid kon teenwerk, verlore, en verhoog grondsuurheid sodoende teen 'n stadige tempo.

## Bemesting

Moderne chemiese- en kunsmistoedienings is almal groot bydraers tot die suurvlakte in grond. Die jaarlikse toediening van stikstofkunsmis produseer suurtoestande in ons grond met verloop van tyd.

## Hoe om die wanbalans reg te stel

Kalksteen is 'n natuurlike bron van kalsium wat die pH-vlakte in die grond verhoog. Dit mag dalk nodig wees om die grondregstellingsproses met verskeie toedienings van landboukalk oor 'n paar jaar te doen. Selfs al is daar gebiede wat natuurlike kalksteen bevat, soos in die Noordwes Provincie, is dit steeds noodsaaklik om die grond te toets om soodende te sien of die grondregstelling nodig is om die versurende prosesse teen te werk. Daar is 'n aantal tipes kalk in die landbemark. Die korrekte pH hang af van die gewas wat verbou word en dit is nodig om advies in te win van jou plaaslike kunsmisverteenvoerders of agri-besigheid. Wanneer kalk bygevoeg word, sal die pH van die grond verhoog en ook die vlakte van kalsium en magnesium in die grond verhoog. Kalk benodig water om 'n reaksie te aktiveer, dus werk kalk stadig in droë grond en kan dit ten minste 'n jaar of meer neem om 'n verandering in die pH van die grond te meet.

Verkieslik moet kalktoediening in die herfs plaasvind, sodat grondsuurheid verminder kan word voordat gewasgroei begin, maar as dit nie moontlik is nie, is dit beter om dit in die lente toe te dien as om dit glad nie toe te dien nie.

**Artikel voorsien deur Jenny Mathews,  
Pula/Imvula medewerker. Vir meer  
inligting, stuur 'n e-pos na  
jenjonmat@gmail.com.**

**O**ntmoet Maurice Mthandeki Boki, 'n passievoller man wat lief is vir diere; 'n man van die grond, wat daartoe verbind is om sy beste te doen en altyd daarna te streef om sukses te behaal.

## Waar en op hoeveel hektaar boer jy?

Ek boer tans op 'n 1 178 ha plaas in die Cedarville-distrik in die Oos-Kaap.

## Waarmee boer jy?

Ek boer hoofsaaklik met vee, maar het onlangs 135 ha mielies aangeplant. Ek het 'n kudde van 200 koeie op die veld. Boerdery is absolutuut 'n passie wat my inspireer en motiveer om altyd net te wil boer.

## Wat motiveer/inspireer jou?

My passie vir landbou was nog altyd my grootste motiveerde. Sedert ek 'n kind was, is ek geïnspireer om 'n man van die grond te wees en het 'n absolute liefde vir diere. Ek en my vrou, Kholiswa, het vier kinders. My seun, Stembile, is werksaam in die korporatiewe wêreld in Johannesburg; my oudste dogter, Lindelwa, is 'n dokter in Oos-Londen; ons tweede oudste dogter, Zintle, werk in 'n bemarkingsveld in Johannesburg, terwyl ons jongste dogter nog in die huis bly.

## Beskryf jou sterkpunte en swakhede

**Sterkpunte:** My grootste sterkpunt is my toewyding om my beste te lewer en na sukses te streef.

**Swakhede:** My grootste swakheid is dieselfde as ander mense s'n, naamlik om te haastig te wees en baie gou te veel wil bereik. Ek wou alles al gister gedoen gehad het.

## Wat was jou opbrengs toe jy begin boer het? Wat is jou onderskeie opbrengste nou?

Ek het in 1995 kommersieel begin boer ná die koop van my eerste plaas. Voor dit het ek 'n handelswinkel bestuur en as 'n stokperdjie geboer deur met vee te spekuleer. Toe ek begin, kon ek slegs 2,5 ton mielies per hektaar behaal. Tans behaal ek meer as 6 ton mielies per ha. Ek het ook 'n kudde van 200 koeie. Speengewigte het toegenem vanaf 40 kg tot 50 kg.

## Wat sou jy sê is die hoofbydraer tot jou vordering en sukses?

Suiwer harde werk, toewyding om kort- en langtermynndoelwitte te bereik asook die ondersteuning

van my familie, is die hoofbydraers tot my vordering en sukses.

## Watter opleiding het jy tot dusver ontvang en watter opleiding sal jy graag nog wil ontvang?

Oor die laaste 20 jaar het ek verskeie kursusse by Cedara bygewoon. 'n Mens kan nooit genoeg kennis hê nie.

## Waar sien jy jouself oor vyf jaar?

### Wat sou jy nog wou bereik?

Oor vyf jaar sou ek graag 10 ton mielies per ha op droëland wou behaal en die aantal hektare wou uitbrei. Ek sou ook my kudde na 400 koeie wou vergroot. My grootste beperkende faktor is die tekort aan grond.

## Watter raad het jy vir jong aspirant-boere?

Vir al die jong boere daarbuite: Moenie dink dat julle ornag ryk sal word nie. Boerdery is 'n moeilike, tydrowende proses om finansiële stabiliteit te bereik. Dit vereis baie toewyding, geduld en moeite om sukses te behaal. Jy moenie vergeet dat die hoofdoel van boerdery is om die nasie te voed nie.

**Artikel voorsien deur Johan Kriel,  
Ontwikkelingskoördineerder van die  
Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere.  
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos  
na johank@grainsa.co.za.**



# Wintergraan

## Ná die oes:

## Neem tyd om tyd te bespaar

**D**it is maklik om algemene plaasinstandhouing en organisering van die store te verwaarloos, maar indien net 'n bietjie aandag aan hierdie sake ná die oesseisoen geskenk word, sal so baie tyd in die lang termyn bespaar word. Tyd wat verlore gaan as gevolg van herstelwerk en die soeke na goed, sal dus vermy word.

Instandhouing is 'n belangrike instrument, wat masjineriekoste deur die loop van die seisoen drasties kan verminder indien voorkomende instandhouing gedoen word. Ons is dikwels geneig om net vinnig na masjinerie en toerusting te kyk en nie die nodige kritiese aandag aan detail te gee deur 'n deeglike inspeksie, wat slytasieprobleme kan optel voordat dit ontwikkel of breek, te doen nie, soos byvoorbeeld waaierbande en laers wat vervang moet word.

### Voor die stroopseisoen

Sommige plaasmasjinerie word deurlopend deur die jaar gebruik, terwyl ander, soos byvoorbeeld oestoerusting en stropers, vir baie maande stilstaan. Indien hierdie masjinerie nie behoorlik skoongemaak word voordat dit gestoor word nie, kan dit stadig agteruitgaan en probleme ontwikkel; daarom is dit belangrik om masjinerie behoorlik te versorg en hierdie belegging te beskerm.

Gedurende oestyd werk hierdie masjiene hard en word vol stof en ghries, daarom moet dit behoorlik skoongemaak word en dan nagegaan word om te sien watter herstelwerk dalk nodig mag wees.

- Vervang die olie en filters, gaan die battery na, vervang die lugfilters.
- Kontroleer die verkoelingstelsels vir lekkasies by verkoelers of pype wat verweer is.
- Maak seker dat al die ligte in 'n goeie, werkende toestand is.
- Dit is ook altyd 'n goeie praktyk om die brandstoffentanks vol te hou, omdat kondensasie

vervoorsaak dat water in die brandstof versamel, wat baie skadelik vir die dieselpomp is.

- Alle toerusting moet behoorlik gesmeer word.
- Bande moet beskerm word tydens berging. Dit moet óf binnenshuis gestoor word, óf bedek word, sodat dit teen sonlig beskerm word. Dit is ook 'n goeie idee om masjinerie op te lig om die gewig op die bande gedurende die staantydperk te verlig.
- Wielboute moet nagegaan word om seker te maak dat dit stewig vas is, omdat los wielboute beweging kan veroorsaak en afbreek, omdat dit die wielvellings maal en die vellings krake kan ontwikkel.

Masjinerie moet voorberei word, sodat dit effektiel gereed is vir die volgende gebruik en tyd bespaar wanneer die volgende drukseisoen aanbreek.

### Stoorplekke

Store moet altyd deeglik skoongemaak en behoorlike georganiseer word, anders lok dit rotte en muise wat op die toerusting mors en die drade op die masjinerie kou, wat 'n paar onaangename verrassings kan meebring wanneer die masjinerie weer moet werk.

Dit neem slegs 'n bietjie moeite en beplanning om orde te skep, sodat dinge maklik gevind kan word, toerusting maklik skoongemaak kan word en 'n voorraadinventaris vinnig geneem kan word. Stapel ou houers bo-op mekaar, sit nuttige sakke in netjiese hope bymekaa en hang gereedskap op rakke of planke. Probeer om die vloerarea skoon te hou en gebruik die "reëndae" om in die plaasskuur en stoorareas te werk. ☺

*Artikel voorsien deur Jenny Mathews,  
Pula/Imvula medewerker. Vir meer inligting,  
stuur 'n e-pos na [jenjonmat@gmail.com](mailto:jenjonmat@gmail.com).*



# Graanboere in die Wes-Kaap

## – wat om te doen voor die einde van die jaar

In die Wes-Kaap is Septembermaand die maand van afrekening in die kontant-gewas-produksieseisoen.

Indien ons koel, klam toestande gedurende September ervaar, verleng die seisoen, wat tot beter graanvulling kan lei, wat op sy beurt weer tot beter opbrengs aanleiding kan gee. Die omgekeerde is egter ook waar: As die reënophou en die temperature styg, verkort die seisoen en dít lei tot laer opbrengs.

Dit is egter iets wat ons nie in staat is om te beheer nie, want ons is afhanklik van reën vir die produksie van gewasse. Ons kan wel 'n middeweg vind deur die praktyk van bewaringsboerdery. Indien daar genoeg oesreste van die vorige seisoen se oes op die grond kan agterbly, kan ons vog vir langer tydperke behou en dus die gewas in staat stel om beter pitvorming te behaal.

Vanaf Julie tot September moet ons waaksam wees en ons gewasse gereeld vir insekte en siekteprobleme monitor. Insekte soos ruspes en plantluise op koring, gars en hawer asook koolluise, ruitrugmot en bolwurms op kanola, kan chaos veroorsaak onder potensiële opbrengste. Siektes soos verskillende tipes roes en meeldou moet ook behandel word. Ons moet kunsmis toedien deur topbemesting, terwyl mikro-elementekorte deur blaarbespuitings reggestel moet word.

Vanaf September nader die verskillende gewasse hulle oestyd, afhangende van wanneer dit geplant is en waar in die provinsie die

*Hou jou oë oop, wees paraat en mag jou oesieseisoen suksesvol wees.*

plaas geleë is. Dit mag voorkom van so vroeg as middel-September. Indien die gewasse met 'n platsnyer gesny word, kan die snyproses begin vanaf die middel van September soos wat elke verskillende gewas die korrekte ontwikkelingstadium bereik. In die geval van kanola, kan die platsny daarvan selfs vroeër begin. Maak seker dat jy weet wat die korrekte stadium van ryheid en voginhoud is waarteen die verskillende gewasse geoes word en dat jou stroper in 'n uitstekende toestand is.

Wanneer kanola geoes word, is dit die beste om dit te doen in die vroeoggoggend tot 11:00, dan weer vanaf laatmiddag totdat die dou te veel word. Die rede hiervoor is dat die kanolapeule baie maklik oopgaan indien dit te droog geoes word en dit gevvolglik groot oesverliese kan veroorsaak, maar indien daar 'n bietjie vog in die lug is, is die peule nie geneig om so maklik oop te maak nie. Indien enige gewas te nat geoes word, kan dit dalk probleme by die silo veroorsaak óf dit kan selfs begin om te verrot. Die teenoorgestelde is waar vir koring en gars; indien dit te nat is, kan die pitte nie maklik van die are en kaf geskei word nie. Die persentasie onsuiwerheid in die graan wat

aan die silo gelewer word, verhoog dus en kan tot 'n laer graad en laer inkomste lei.

Hou die oë oop, wees paraat en dan sal jou oesieseisoen suksesvol wees.

**Artikel voorsien deur dr Johann Strauss,  
Direktoraat Plantwetenskappe,  
Wes-Kaapse Departement van Landbou.  
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na [johannst@elsenburg.com](mailto:johannst@elsenburg.com).**



September is die ideale tyd om verskillende gewasse te oes. Maak seker jou stroper is in 'n uitstekende toestand voor die oestyd begin.

# Suksesvolle produksie van besproeiingskorng

**S**uid-Afrika is 'n netto invoerder van koring, met invoere wat gestyg het vanaf nul in 1988, tot byna 1 900 000 (1,9 miljoen) ton in 2013. Die plaaslike prys van koring op Safex is konstant ongeveer R3 400/ton tot Maart 2014. As die rand aanhou verswak, kan daar opwaartse druk op hierdie basisprys wees.

Boere wat die fisiese hulpbronne het om koring onder spilpunte te produseer, kan voortgesette koringproduksie in hul wisselboustelsel behou. Hierdie plaaslike produksie sal help met die vermindering van invoere wat nodig is om die mark aan te vul. Elke boer moet 'n gedetailleerde bruto marge analise doen om te bepaal of hy die gewas winsgewend kan produseer. Werk jou gelykbreekpunt vir direkte en oorhoofse koste in opbrengs per hektaar uit, om seker te wees dat jou produksiepotensiaal daarby kan kom.

Alle aspekte van die bestuur van koring onder besproeiing is van kritieke belang om sukses te behaal.

Besproeiingskorng se opbrengs in die ver-

skillende besproeiingskema-areas op bepaalde plase het geleidelik gestyg van 'n gemiddeld van sowat 6,5 ton/ha tot 10 ton/ha onder spilpuntbesproeiing. 10 ton/ha is behaal in 'n wisselboustelsel ná besproeiingsbone.

## Produksiesiklus

Hieronder vind jy kontrolepunte om te oorweeg vir die volgende produksiesiklus.

## Spilpunt-besproeiingstoerusting

Die hoof pompstelsel, tesame met die hoof elektriese toevoer, moet deeglik ondersoek word vir enige probleme voordat die gewas aangeplant word. Begin om die spilpunt na te gaan vir enige lekkasies, blokkasies of gebrokee spuitpunte op die spilpunt. Kontroleer ook al die bande, laers en ratkaste op die wielstelsels.

Maak seker dat jou Eskom-kontrak en elektrisiteitsvoorsiening in orde is vir die komende seisoen.

Plaas reënmetertregters op verskillende plekke op die land wat met koring aangeplant

word en meet en kalibreer die werklike neerslag met die verstellings op die hoof beheerpaneel.

Besproeiingskorng onder spilpunt vereis 'n hoë volume water gedurende die vlagblaarstadium en deur blom. 'n Onderbreking in watervoorsiening met gevoglike vogstres op die plante, kan maklik lei tot 'n verlies van 2 ton of meer in die beplande produksie-opbrengs.

## Bemesting

Voldoende bemesting oor die algemeen en die toediening van stikstof in die vorm van opgelosde ureum is baie belangrik. Gewoonlik word stikstof tussen drie tot vyf keer tydens besproeiing toegedien. 'n Opbrengsteiken van 6,5 ton/ha sal minstens 240 kg stikstof, 40 kg fosfaat en 55 kg kalium per hektaar benodig. Enige kunsmis wat tydens plant toegedien word, moet onder en aan die kant van die saad geplaas word, sodat enige kunsmiskade aan die ontkiemende saad verhoed word. Vermy die toediening van meer as 45 kg stikstof per hektaar tydens plant. Die ander 195 kg stikstof wat benodig word, sal deur die spilpunt toegedien word. Hoë opbrengsteikens sal 'n opwaartse aanpassing aan hierdie basiese vereistes vereis. Ontleed jou grond en kry 'n behoorlike aanbeveling van jou kunsmisverteenwoordiger of landboukundige.

## Grondvoorbereiding

Elke situasie hang af van die bestuur van die oesreste van die vorige gewas. Brand vernietig groot hoeveelhede kalium. Indien jy beweringsbewerking gebruik, moet jy jou planters korrek opstel en verseker dat saad korrek geplaas word.

## Vogprofiel

Dit is veral belangrik om te verseker dat die hele profiel van die grond veldkapasiteit is voor-plant. Die bolaag kan gelos word om effens droog te word om sodoende optimale grondtoestande vir plant te bevorder en dan kan die saad wat geplant is, natgemaak word vir maksimum ontkieming.

Gebruik die SAPWAT-program om vog tydens alle vlakke in die groeisiklus te monitor. Dit is baie moeilik, indien nie onmoontlik nie, om enige vogtekort wat ontwikkel het, in te haal.



Besproeiingskorng onder spilpunt vereis groot volumes water gedurende die vlagblaarstadium en blom.



## Kultivars

Behoorlike oorweging moet aan die korrekte keuse van kultivars gegee word om die maksimum opbrengs onder die toestande op jou plaas te produseer.

Koringkultivars word as ware wintertipes, wintertipes en intermediére- of lentetipes geklassifiseer. Dit is onderhewig aan die hoeveelheid koue tydperk wat nodig is vir groei van 'n vegetatiewe stadium tot die produksie van spruite wat saad en halms produseer. Wintertipes produseer meer spruite uit die sekondêre wortels wat ná aanvanklike ontkieming ontwikkel as lentekultivars. Winterkultivars benodig dus minder saad as lentekultivars.

Lentekultivars wat vir besproeiing gesik is, het geen kouebehoefte nie en kan blom vanaf ongeveer 100 tot 113 dae ná aanplanting. Kies kultivars wat goed in jou omgewing presteer het. Kies dus gesikte kultivars indien jy in die koeler, sentrale besproeiingsgebiede is, of die warmer gebiede in die westelike streke van die produksie-areas.

Kontak die onderskeie kultivartelers en -verskaffers om op hoogte te wees van watter kultivars die beste vir jou area is.

## Plantdatums

Ideale plantdatums vir die koeler, sentrale gebiede is tussen 1 Junie en 25 Julie. 'n Algemene praktyk in sommige besproeiingsareas is om mielies en koring in die koeler gebiede met mekaar af te wissel deur 'n vinnige mieliekultivar te gebruik. Die mielies word op die laatste geoes gedurende die eerste week van Junie, gevvolg deur die onmiddellike brand of baal van die mieliestoppels om plek te maak vir die saai van koring. By bewaringsbewerking- of geen-bewerking-stelsels sal slegs 'n sterk, geskikte planter die werk doen. Aanplanting van koring ná sojabone, of ná 'n braaktydperk binne die siklus, sal baie makliker wees. 'n Groot opbou van oesreste van vorige seisoene op die bo-laag van die grond kan behoorlike opkoms van die koring belemmer. Dit kan ook vatbaar wees vir wortel- en stamsiektes.

## Plantdigtheid

Aanbevelings vir die ideale plantpopulasie wissel van tussen 100 kg tot 120 kg per hektaar, wat tussen 250 000 en 325 000 plante per hektaar lewer. Plaaslike en persoonlike ervaring met

spesifieke koringvariëteite onder besproeiing asook verskillende plantpopulasies, sal bepaal wat die ideaal vir jou grond en plaas is. Weeg 100 saad om seker te maak jy weet hoeveel potensiële plante jy vir elke kilogram saad wat gebruik word, gaan kry.

Maak van geïntegreerde onkruid- en plaagbeheerprogramme gebruik om jou oes te monitor en te beheer vanaf die eerste dag van plant. Sommige produksiegebiede vereis die gebruik van swamdochers op sekere groei-stadiums.

## Samevatting

Volg al die aanwysings wat hierbo uitgelig is om sukses te verseker. Inspekteer daagliks die groevordering van jou gewas wanneer jy die doeltreffendheid van die spilpunt in die voorsiening van voldoende water monitor.

**Artikel voorsien deur 'n afgetrede boer.**

**Hierdie spesiale bylaag is moontlik gemaak deur die bydrae van die Wintergraantrust.**



# Oorweeg bewaringsboerdery

**S**edert die vroegste tye het die mens die grond bewerk om saad te plant om homself van kos te voorsien. Handgereedskap en diere is gebruik om die grond te bewerk, sodat die mens kan plant. Die oopbrek of losmaak van die grond het sekere voordele, want dit was 'n manier om 'n goeie saadbed voor te berei. Onkruidbeheer is ook tot 'n sekere mate toegepas, deurdat die grond omgekeer is. Die penetrasie van reënwater het ook verbeter ná bewerking. Deurlugting het ook verbeter, wat tot voordeel vandie grondorganismes was, omdat dit suurstof benodig om te oorleef en te vermeerder.

Primêre bewerking behels aggressiewe bewerking van die grond en sommige van die implemente het meer skade aan die struktuur van die grond aangerig as ander metodes.

Tradisionele bewerking het gevolg, waartydens ploeë gebruik is om die grond te breek en om te keer. Tydige sekondêre bewerking is net voor-plant gebruik om vroeë onkruid en opslagmielies te beheer. Dít het 'n goeie saadbed verseker waarin ons suksesvol kon plant. Indien genoegsame vog in die grond teenwoordig was, kon saad goed ontkiem en 'n goeie plantestand kon maklik verkry word. Die gebruik van onkruiddoders na-plant het voldoende onkruidbeheer verseker en dit het baie goed gewerk.

Dit was die norm regoor die wêreld en is steeds die praktyk wêrelwyd, maar tot 'n mindere mate in moderne tye.

Die eerste bewerking ná 'n seisoen word bepaal deur die hoeveelheid en tipe plantreste op die land ná 'n oes. Indien daar groot hoeveelhede reste teenwoordig was, het ons 'n skottelploeg gebruik om die reste te sny voor ploeg. Die boer moet probeer om te ploeg wanneer die grond voldoende vog bevat. Té droë grond vereis baie meer vastrap en krag, en die grond breek oop in groot kluite, wat weer meer bewerking benodig om te breek. Indien die grond te nat is tydens ploeg, kompakteer dit en gevoglik moet diep tandimemente later gebruik word om die verdigtingslaag op te breek. Met die hulp van 'n skottelploeg, kan kunsmis of kalk en in sommige gevalle selfs onkruiddoders baie meer doeltreffend ingewerk word as met 'n tandimplement, wat twee of drie bewerkingsprosesse kan vereis.

Deesdae ploeg boere minder en verkieks minimumbewerking deur van 'n skottelploeg gebruik te maak, gevog deur 'n beitelploeg met 'n roller. Hierdie bewerking los baie min reste op die oppervlak agter, wat kan lei tot dieselfde erosieskade as konvensionele bewerking.

In Suid-Afrika, waar erosie en droogtes 'n groot probleem is, moet ons kyk na die behoud van vog. Hier gebruik ons nie ploeg- of skottelbewerking om te verseker dat reste in die grond ingewerk word nie, maar los eerder die reste op die oppervlak. Dit kan gedoen word met tandimemente, maar tandimemente kan maklik aanpak indien daar te veel reste op die land is. Om die oesreste te sny, gebruik boere regop snylemme wat die reste sny sowel as rollers met lemme wat die reste ook in kleiner stukke sny.

By minimumbewerking word die saad in 'n smal strook geplant waar die grond versteur word, met geenbewerking tussen die rye. Die gebruik van onkruiddoders maak dit moontlik om die reste van die grond onbewerk te laat. 'n Gespesialiseerde planter word by minimumbewerking gebruik, maar dit is duur. Hierdie planters moet swaarder en sterker wees om plantreste te sny asook om plantvore in onbewerkte grond vir saadplasing te sny. Hierdie vorm van grondbewerking het baie gewild geword regoor die wêreld. Die penetrasie van reënwater, minder erosie, laer grondtemperatuur en beter vogbewaring, is slegs 'n paar voordele van dié stelsel.

## Keuse van bewerking

Die mate waarin die grond kompakteer, moet bepaal word voordat 'n boer die tipe bewerking kies wat hy wil gebruik. Gekompakteerde grond sal plantwortels vertraag of verhoed dat dit dieper in die grond indring. Grondwater en voedingstowwe onder die gekompakteerde grond sal nie vir die plantwortels beskikbaar wees nie. Kompaksie of 'n kors kan ook in die vorm van 'n laag bo-op die grond voorkom, waar dit infiltrasie en die groei van saailinge beïnvloed. Die beste metode om die verdigting te bepaal, is om profielgate te grawe om sodoende na die plantwortels onder die oppervlak te kyk. Normale plantwortels vertak goed met talle kapillêre wortels, terwyl wortels wat geaffekteer is, verdik voorkom op die vlak waar penetrasie 'n probleem is.

Sanderige grond sal vinniger kompakteer, met minder grondvog as kleigrond. Sand wat deur die wind gewaai is, sal meer sensitief wees vir verdigting, selfs al is dit byna heeltemal droog. 'n Skeurploeg word gewoonlik hier in die winter gebruik op 'n diepte van 450 mm, met rywydtes van 1,5 m. Planterrye word direk op die bewerkte rye geplant, sodat plantwortels toegang het tot beskikbare grondvog dieper in die grond. Plantreste moet op die gewaaide sand gelos word om erosie so ver as moontlik te beperk. Op swaarder

kleigronde (5% - 10%), wat 'n beter vermoë het om water te behou, sal diepbewerking ook gereeld vereis word. Op swaarder kleigronde (10% - 20%), waar verdigting plaasvind en waar die land geploeg is, sal die trekkerwiel verdigting in die ploegvoor veroorsaak. Die gebruik van tandimemente skakel die probleem op die grond tot 'n redelike mate uit. Grond met 'n kleiinhoud van meer as 20% het selde 'n verdigtingsprobleem, mits dit nie bewerk is terwyl dit te nat is nie. Waar die gevaar van kompaksie bestaan, sal 'n beitelploeg beter resultate as 'n ploeg lewer, omdat die wiel in die ploegvoor uitgeskakel word.

Weens ekonomiese redes moet onnodige bewerking uitgeskakel word en bewaringsboerdery toegepas word. As gevolg van die huidige kosteprobleme, erosiegevaar en vogbewaring, moet boere meer op minimum- en bewaringsbewerking konsentreer indien hulle grond dit toelaat. ☀

**Artikel voorsien deur Jurie Mentz,  
Ontwikkelingskoördineerder van die  
Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere.  
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na  
[jurie@grainsa.co.za](mailto:jurie@grainsa.co.za).**





# Finansiële beplanning vir die volgende oes

**D**ie enigste plek waar jy SUKSES voor WERK sal kry, is in 'n woordeboek. Om suksesvol in jou besigheid te wees, moet jy baie moeite (werk) insit en om finansiële beplanning te doen, vereis werk.

## Hoekom moet ek finansiële beplanning doen voor die plant van my volgende oes?

Baie antwoorde kan op hierdie vraag gegee word, maar die mees basiese antwoord is dat jy boer om 'n inkomste te verdien. Om dit egter

te bereik, moet jou besigheid suksesvol wees – die totale inkomste moet meer as die totale uitgawes wees – dan is daar 'n wins wat jy vir jouself kan gebruik (jou salaris).

Boerdery is die moeilikste besigheid om te bedryf, en om wins te maak, vereis uitstekende bestuur. Boere wat finansiell wys is, staan voor die uitdaging van die sogenaamde koste-knyp-tang, waar die pryse van jou insette (uitgawes) teen 'n hoë koers toeneem as die pryse van jou uitsette (produkte). Die algemene konsensus is dat die gemiddelde styging van alle landbou-in-

sette die afgelope seisoen gemiddeld 19% was, terwyl die verhoging van die prys van kommoditeite baie minder was.

Die uitdaging vir ons boere is om produksies te verbeter om sodoende inkomste te verhoog, terwyl die koste van insette geabsorbeer word. Dit kan gedoen word deur middel van behoorlike bestuur – beplanning, organisasie, implementering en beheer. Finansiële beplanning is dus deel van die beplanning van behoorlike bestuur. Jy het geen keuse nie – jy sal moet beplan om suksesvol te wees.

## Hoe doen ek finansiële beplanning vir my volgende oes?

Vreemd soos dit mag klink, maar jy begin met jou praktiese produksieproses. Daarom is die eerste stap om in soveel detail as moontlik elke stap neer te skryf wat jy sal neem om jou oes te produseer – van die voorbereiding van die saadbed, tot oes en bemarking. Dit is jou produksiebestuursprogram. In hierdie program moet jy die volgende vrae beantwoord:

- Wat gaan ek doen?
- Wanneer gaan ek dit doen?
- Hoe gaan ek dit doen?
- Hoeveel beplan ek om per hektaar te produseer?
- Wanneer en hoe gaan ek die saadbed voorberei? (Ploeg, skeurploeg en minimum bewerking.)
- Watter saad gaan ek gebruik en hoeveel?
- Watter insekdoders of plaaggodders gaan ek gebruik?
- Hoe gaan ek onkruid beheer – meganies en/of chemies?
- Hoe en wanneer gaan ek oes?
- Hoe en wanneer gaan ek my produk bemark?

Só 'n produksiebestuursprogram is 'n **geskrewe, stap vir stap beskrywing** van elke stap van die produksieproses van 'n spesifieke onderneming. Dit spreek die vraag "Hoe om te produseer?" ten volle aan.

Tabel 1: 'n Voorbeeld van 'n produksiebegroting vir konvensionele witmielies vir die 2013/2014-seisoen.

	R/ha 3,5 ton produksie/ha	Totale geskatte koste om te plant (100 ha)
Inkomste @ R2 145,00/ton	7 508,00	750 800,00
<b>Bruto produksiewaarde</b>	<b>7 508,00</b>	<b>750 800,00</b>
<b>Min: Direkte geallokeerde veranderlike koste</b>		
Saad	457,00	45 700,00
Kunsmis	1 454,00	145 400,00
Kalk	330,00	33 000,00
Onkruiddoder	375,00	37 500,00
Insekddoder	163,00	16 300,00
Versekerings – inset	148,00	14 800,00
Brandstof	805,00	80 500,00
Herstelkoste	515,00	51 500,00
Oesversekerings	285,00	28 500,00
Bemarkingskoste	237,00	23 700,00
<b>Totale koste</b>	<b>4 769,00</b>	<b>476 900,00</b>
<b>Bruto marge</b>	<b>2 739,00</b>	<b>273 900,00</b>
Min: Oorhoofse en vaste koste (indien beskikbaar)	2 350,00	235 000,00
<b>Netto ondernemingsinkomste</b>	<b>389,00</b>	<b>38 900,00</b>

Tabel 2: 'n Voorbeeld wat illustreer hoe om die hoeveelhede wat jy per hektaar gaan gebruik, met die koste van die insette te vermenigvuldig.

Geskatte koste van saad					
Verwagte prys /25 kg sak (a)	Saad per ha (b)	Koste per ha (c) (a/25 x b)	Hektaar om te plant (d)	Aantal sakke om aan te koop (e) (d x 6)/25	Totale verwagte koste (c x d)
R1 904,00	6 kg	R457,00	100	24 sakke	R45 696,00
Geskatte koste van oesversekerings					
-	-	R285,00	100	-	R28 500,00

# IMVULA

## Redaksie

### GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Suite 3, Privaatsak X11, Brandhof, 9324  
Collinstraat 7, Arboretum  
Bloemfontein  
► 08600 47246 ◀  
► Faks: 051 430 7574 ◀ [www.grainsa.co.za](http://www.grainsa.co.za)

### HOOFRDAKTEUR

Jane McPherson  
► 082 854 7171 ◀ [jane@grainsa.co.za](mailto:jane@grainsa.co.za)

### REDAKTEUR VERSPREIDING

Liana Stroebel  
► 084 264 1422 ◀ [liana@grainsa.co.za](mailto:liana@grainsa.co.za)

### ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks  
► 018 468 2716 ◀ [www.infoworks.biz](http://www.infoworks.biz)



### PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

Afrikaans,  
Engels, Tswana, Sesotho,  
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

### Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

### ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS

Danie van den Berg  
Vrystaat (Bloemfontein)  
► 071 675 5497 ◀ [danie@grainsa.co.za](mailto:danie@grainsa.co.za)

Johan Kriel  
Vrystaat (Ladybrand)  
► 079 497 4294 ◀ [johank@grainsa.co.za](mailto:johank@grainsa.co.za)  
► Kantoor: 051 924 1099 ◀ Dimakatsi Nyambose

Jerry Mithombothi  
Mpumalanga (Nelspruit)  
► 084 604 0549 ◀ [jerry@grainsa.co.za](mailto:jerry@grainsa.co.za)  
► Kantoor: 013 755 4575 ◀ Nonhlanhla Sithole

Naas Gouws  
Mpumalanga (Belfast)  
► 072 736 7219 ◀ [naas@grainsa.co.za](mailto:naas@grainsa.co.za)

Jurie Mentz  
KwaZulu-Natal (Vryheid)  
► 082 354 5749 ◀ [jurie@grainsa.co.za](mailto:jurie@grainsa.co.za)  
► Kantoor: 034 980 1455 ◀ Sydwell Nkosi

Ian Househam  
Oos-Kaap (Kokstad)  
► 078 791 1004 ◀ [ian@grainsa.co.za](mailto:ian@grainsa.co.za)  
► Kantoor: 039 727 5749 ◀ Jenilee Bunting

Lawrence Luthango  
Oos-Kaap (Mthatha)  
► 076 674 0915 ◀ [lawrence@grainsa.co.za](mailto:lawrence@grainsa.co.za)  
► Kantoor: 047 531 0619 ◀ Cwayita Mpofyi

Toit Wessels  
Wes-Kaap (Paarl)  
► 082 658 6552 ◀ [toit@grainsa.co.za](mailto:toit@grainsa.co.za)

Hierdie publikasie is moontlik  
gemaak deur die bydrae van  
die Mielietrust.



## FINANSIEËLE BESTUUR

### Finansiële beplanning vir die volgende oes

Ongelukkig moet jy elke jaar finansiële beplanning doen, maar gelukkig is dit baie makliker die volgende jaar indien jy 'n produksiebestuursprogram en finansiële beplanning saamgestel het. Maar, en dit is 'n belangrike maar – heroorweeg en hersien jou program en beplanning vir elke jaar. Dit is noodsaaklik om jou produksie elke jaar te verbeter. Nuwe kultivars word ontwikkeld, nuwe verbeterde chemikalië is beskikbaar, daar is nuwe tegnologie ensovoorts.

Die **volgende stap** is om finansiële syfers aan elke aksie/taak te koppel en daarvoor benodig jy inligting oor pryse vir beide inkomste en uitgawes. Dit is raadsaam om op 'n per hektaar basis te werk en dit dan oor te dra na die aantal hektaar wat jy sal plant.

#### Waar kry ek prysie?

Dit verg tyd en inspanning. Gebruik jou prysie van die vorige jaar, indien jy dit het, as 'n basis. Kontak jou diensverskaffers, kontak Graan SA sowel as jou studiegroep. Raadpleeg die verskillende tydskrifte wat beskikbaar is en raadpleeg ook die internet, indien beskikbaar.

Om die koste per hektaar vir elke item te bereken, moet jy die fisiese hoeveelheid wat jy per hektaar sal gebruik, met die koste van die insette vermenigvuldig. Die moeilike koste om te bereken, is die brandstof en herstelwerk, maar jy moet historiese syfers gebruik as 'n basis om van te werk.

#### Wat is volgende?

Wanneer jy al die finansiële inligting het, moet jy 'n produksiebegroting, ook bekend as 'n ondernemingsbegroting, saamstel, waarvan die volgende 'n voorbeeld is. Die produksiebegroting sal die produksiekoste vir die volgende jaar op grond van jou onderneming se produksiebestuursprogram reflekteer. Onthou, 'n begroting word gedefinieer as 'n geskrewe plan, uitgedruk in fisiese en finansiële hoeveelhede

van die toekomstige optrede van jou besigheid om jou doelwitte te bereik.

Indien jy nie in staat is om jou eie ondernemingsbegroting saam te stel nie, moet jy onthou dat hulp by verskeie instansies beskikbaar is. Jy kan ook iemand kry om dit vir jou te doen, selfs al moet jy die persoon vergoed – dit sal die moeite wêreld wees, dit is 'n waarborg. Kry 'n begroting van byvoorbeeld Graan SA, jou inset- en diensverskaffer of 'n landbou-onderneeming in jou omgewing. Alhoewel hierdie begrotings veralgemeen word, is dit 'n goeie beginpunt.

Sodra jy die moeite gedoen het met die opstel van 'n begroting, maak dit sin dat 'n mens dit behoorlik as 'n beheerinstrument gebruik. Wanneer jy jou begroting ten volle gebruik, bevorder dit dissipline in die bestuur van jou besigheid. Aangesien jy die eiernaar/bestuurder van jou eie besigheid is, kan dit by tye moeilik wees om jou eie "baas" ook te wees. Omdat dit jou besigheid en jou geld is, kan jy doen wat jy wil en geld spandeer soos jy wil. Sulke gedrag kan egter rampspoedige gevolge hê. 'n Begroting kan die funksie vervul om jou "baas" te wees tot voordeel van jou besigheid. Deur dit te gebruik, bevorder jy die dissipline om al die take te voltooi soos beplan, teen die koste toegelaat vir die taak. 'n Begroting sal jou help om op 'n gedissiplineerde wyse in beheer van jou besigheid te wees.

Onthou, die enigste plek waar jy SUKSES voor WERK kry, is in 'n woordeboek, en finansiële beplanning verg tyd en inspanning (werk). Niemand het nog ooit gesê boerdery is maklik nie – boer na die beste van jou vermoë, want dit kan lonend wees.

**Marius Greyling, Pula/Imvula medewerker.  
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na  
[mariusg@mcgacc.co.za](mailto:mariusg@mcgacc.co.za).**

